# Eldo In Klank
## VAKKEUSE-REEKS

## Episode 4: Die Kunste

# Wat is die verskil?

**Visuele Kuns, Ontwerp en Dramatiese Kunste**

Visuele Kuns fokus op kreatiewe uitdrukking deur verskeie mediums soos teken, skilder, beeldhouwerk, drukwerk en gemengde media. Leerders ontwikkel tegniese kunsvaardighede, visuele geletterdheid en die vermoë om idees, emosies en boodskappe deur kunswerke te kommunikeer. Die vak kombineer praktiese skepping met die ontleding van kuns en kunstenaars.

Ontwerp fokus op kreatiwiteit met 'n praktiese doel. Leerders ondersoek hoe ontwerp gebruik word om probleme op te los en produkte, ruimtes, handelsmerke en visuele kommunikasie te verbeter. Die vak sluit areas soos grafiese ontwerp, produkontwerp, advertensies, verpakking en handelsmerkontwikkeling in. Ontwerp kombineer kreatiwiteit met strategie en funksionaliteit.

Dramatiese Kunste fokus op die uitvoerende kunste en die studie van menslike gedrag, stories en kommunikasie. Leerders ontwikkel vaardighede in toneelspel, stemgebruik, beweging, kreatiewe interpretasie en die ontleding van dramatiese tekste. Die vak bou selfvertroue, kommunikasievaardighede en emosionele intelligensie.

## Kunsvakke-mites waarvan ouers bewus moet wees!

**"Jy kan nie 'n loopbaan uit kunsvakke maak nie."**

Die kreatiewe ekonomie is een van die vinnigste groeiende sektore wêreldwyd. Kunsvakke bied toegang tot studierigtings en beroepe in ontwerp, media, film, advertensies, argitektuur, animasie, mode, digitale inhoudskepping, uitvoerende kunste en talle ander kreatiewe bedrywe.

**"Ontwerp en Visuele Kuns is dieselfde vak."**

Hoewel beide vakke kreatiwiteit vereis, verskil hul fokus aansienlik. Visuele Kuns fokus op die skep van kunswerke en die ontwikkeling van artistieke vaardighede deur mediums soos teken, skilder, drukwerk en beeldhouwerk. Leerders ondersoek ook kunsgeskiedenis en leer hoe kunstenaars idees, emosies en boodskappe visueel kommunikeer. Ontwerp fokus op die ontwikkeling van kreatiewe produkte en visuele oplossings vir werklike behoeftes. Leerders werk met areas soos produkontwerp, verpakking, advertensies, logo-ontwerp, illustrasie en visuele kommunikasie. Byvoorbeeld: 'n Skildery in 'n gallery is tipies Visuele Kuns. Die verpakking van 'n nuwe produk op 'n winkelrak is tipies Ontwerp. Beide vereis kreatiwiteit, maar die doel van die eindproduk verskil.

**"Hierdie vakke is hoofsaaklik prakties."**

Hoewel Visuele Kuns, Ontwerp en Dramatiese Kunste sterk praktiese komponente bevat, is dit nie bloot praktiese vakke nie. Benewens die ontwikkeling van praktiese vaardighede, word leerders ook akademies uitgedaag deur teorie, navorsing, kritiese ontleding en vakspesifieke terminologie. Die praktiese komponent gee uitdrukking aan hierdie kennis, maar die akademiese grondslag vorm 'n belangrike deel van die vakke se waarde. In Dramatiese Kunste, byvoorbeeld, word groot klem geplaas op die groei en ontwikkeling van drama deur die eeue en fokus ook op die impak wat teater op die samelewing het. Teorie tel ook meer as wat die praktiese komponent tel in die uitwerk van die vakgemiddeld.

**"Ek moet Ontwerp as skoolvak neem om later iets in Ontwerp te kan studeer."**

Die meeste universiteite vereis eerder 'n portefeulje wat jou kreatiewe vermoëns en potensiaal ten toon stel. 'n Leerder kan dus Visuele Kuns neem en steeds later in 'n ontwerpverwante studierigting studeer.

**"Dramatiese Kunste is net vir toekomstige akteurs."**

Dramatiese Kunste ontwikkel veel meer as toneelspel. Leerders leer hoe om effektief te kommunikeer, voor mense op te tree, kreatief te dink, stories te vertel en improvisasievaardighede (om vinnig te kan dink en uit die vuis te praat) te ontwikkel. Hierdie vaardighede is waardevol in beroepe soos Regte, Onderwys, Bemarking, Media, Openbare Betrekkinge en Bestuur.

**"Jy moet van kleins af talentvol wees, of reeds Kuns en Ontwerp of Drama in Graad 9 geneem het om hierdie vakke suksesvol te kan neem."**

Hoewel besonderse talent beslis 'n voordeel kan wees, is dit nie 'n voorvereiste vir sukses in Visuele Kuns, Ontwerp of Dramatiese Kunste nie. Hierdie vakke is juis ontwerp om leerders se vaardighede sistematies te ontwikkel en te verfyn. Belangstelling, kreatiwiteit, nuuskierigheid, aanleg en die bereidheid om te oefen is dikwels belangriker as bestaande ervaring.

# Oorweeg komplimenterende vakpakkette

As gevolg van die groot eise wat die PAT aan leerders stel, kan leerders óf Ontwerp óf Visuele Kuns neem.

| Moontlike Studierigting / Beroep | Vakaanbeveling |
|---|---|
| Grafiese Ontwerp | Ontwerp of Visuele Kuns |
| Digitale Ontwerp | Ontwerp of Visuele Kuns |
| Advertensie-ontwerp | Ontwerp + Besigheidstudies |
| Bemarking | Ontwerp + Besigheidstudies |
| Argitektuur | Visuele Kuns of Ontwerp + IGO + Wiskunde |
| Binnehuisontwerp | Ontwerp of Visuele Kuns |
| Modeontwerp | Ontwerp of Visuele Kuns |
| Filmproduksie | Dramatiese Kunste + Visuele Kuns |
| Joernalistiek | Dramatiese Kunste + Geskiedenis |
| Media en Kommunikasie | Dramatiese Kunste + Ontwerp |
| Openbare Betrekkinge | Dramatiese Kunste + Besigheidstudies |
| Regte | Dramatiese Kunste + Geskiedenis |
| Uitvoerende Kunste | Dramatiese Kunste |

**Nota:**

Die vakkombinasies hierbo dui op vakke wat mekaar goed aanvul en dikwels met die onderskeie studierigtings geassosieer word. Leerders word aangemoedig om die spesifieke toelatingsvereistes van universiteite na te gaan, aangesien vereistes tussen instellings kan verskil

# 'n Praktiese Vergelyking

| Vraag | Visuele Kuns | Ontwerp | Dramatiese Kunste |
|---|---|---|---|
| Waaroor gaan die vak? | Kreatiewe uitdrukking. | Kreatiewe probleemoplossing. | Verhaalvertelling en uitvoering. |
| Wat doen jy die meeste? | Skep kunswerke. | Ontwerp oplossings en produkte. | Vertolk en ontleed karakters en tekste. |
| Sterk leerderprofiel | Kreatief en verbeeldingryk. | Kreatief en prakties. | Selfversekerd en kommunikatief. |

| Vraag | Visuele Kuns | Ontwerp | Dramatiese Kunste |
|---|---|---|---|
| Vereis praktiese werk? | Hoog. | Hoog. | Hoog. |
| Vereis skriftelike werk? | Matig tot hoog. | Matig tot hoog. | Hoog. |
| Fokus op? | Visuele idees. | Idees en oplossings. | Mense en stories. |
| Pas goed by hierdie tipe leerder | Die kunstenaar. | Die skepper. | Die storieverteller. |
| Loopbaanvoorbeelde | Kunstenaar, illustreerder, animator. | Ontwerper, bemarker, kreatiewe direkteur. | Akteur, aanbieder, prokureur, onderwyser. |

## Hoe maak ek die belangrike keuse?

**Kies Visuele Kuns:**

**"Ek geniet dit om idees visueel uit te druk. Ek hou daarvan om te teken, skep, eksperimenteer en my kreatiwiteit deur kunswerke te kommunikeer."**

Visuele Kuns is 'n goeie keuse indien jy moontlik loopbane soos beeldende kunste, illustrasie, animasie, argitektuur, kunsonderwys of kreatiewe media oorweeg.

**Kies Ontwerp:**

**"Ek geniet dit om kreatiewe uitdagings op te los. Ek dink gereeld oor hoe dinge beter, mooier of meer funksioneel gemaak kan word."**

Ontwerp is 'n goeie keuse indien jy moontlik grafiese ontwerp, produkontwerp, modeontwerp, advertensies, bemarking, digitale media of entrepreneurskap oorweeg.

**Kies Dramatiese Kunste:**

**"Ek geniet dit om stories te vertel, mense te verstaan en myself met selfvertroue uit te druk. Ek hou daarvan om voor mense op te tree en kreatief saam met ander te werk."**

Dramatiese Kunste is 'n goeie keuse indien jy moontlik loopbane soos uitvoerende kunste, media, kommunikasie, regte, onderwys, joernalistiek of openbare betrekkinge oorweeg.

## Vir meer inligting:

**Visuele Kunste:**
Me. Sunette Pearce
(pearces@hseldo.co.za)

**Ontwerp:**
Me. Bernice Coetzee
(coetzeeb@hseldo.co.za)

**Dramatiese Kunste:**
Me. Vinkie Schaap
(schaapv@hseldo.co.za)

Eldo In Klank

Episode 4: Kunste

VERVUL JOU ROEPING